# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 147 19 Oktober 2018




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Ledigheid en onkunde**

As ledigheid die duiwel se oorkussing is, is onkunde die sagte matras waarop die niksvermoede slagoffer lê en skapies tel, terwyl die wêreld rondom hom in vlamme opgaan!! Hierdie sogenaamde ledigheid en onkunde loop hand aan hand met die stryd wat in die laaste jare in die kerk woed.

In die volksmond waarsku die idioom rakende ledigheid, dat die een wat sit en niks doen nie, sommer allerhande twak uitdink om te doen, wat jou tien teen een in die moeilikheid gaan laat beland. Hierop borduur Langenhoven voort as hy sê: *"As jy nêrens heen op pad is nie, gaan jy verseker daar uitkom."*

Ledigheid is egter veel meer as luiheid. In baie gevalle word ledig gesit omrede die wilskrag om te doen wat gedoen moet word, ontbreek. Wanneer jy weet wat die regte ding is om te doen en jy weet dat jy iets moet doen, maar jy sit ledig omdat jy nie kans sien daarvoor nie, weergalm die woorde van Jakobus 4 vers 17 in ons ore: ***"As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde."***

Binne soveel gemeentes van die NHKA versuim leraars en ampsdraers vir jare reeds om die bul by die horings te pak en die leuen en dwaling aan die groot klok te hang. Natuurlik is daar baie pogings tot verskonings en argumente waardeur hierdie optredes, of gebrek aan optredes, regverdig word. Kyk ons egter na Eksodus 3 en 4, sien ons dat selfs Moses met sy sogenaamde gebrek aan vermoëns, hom nie van sy roeping kon verskoon nie. Die werklikheid is dat jy dalk jou eie verskonings kan glo, maar nie God om die bos kan lei nie.

Hierdie ledige laksheid en onwilligheid het ook onkunde tot gevolg. Om vandag, 8 jaar na die neem van besluit 54, steeds by lidmate te hoor – *ek weet nie eintlik waaroor al hierdie dinge in die kerk gaan nie* – is om die minste daarvan te sê, 'n skreiende skande!! Om die waarheid te weerhou en mense oningelig te laat, is om Koos du Plessis se bekende woorde op gelowiges van toepassing te maak: gelowiges word ... *swerwers sonder rigting, soekers wat nooit vind en eindelik word almal maar net kinders van die wind ...* Hoe tragies is dit nie wanneer die rigtingloosheid van gelowiges en gemeentes en kerke, die oorsaak word dat die mensdom teen 'n duiselingwekkende spoed, op pad is na nêrens!!

Wanneer daar na predikante en ampsdraers geluister word, word besef dat hierdie ledigheid en onkundigheid in die meeste gevalle 'n strategiese keuse was en is. In Afrikaans het ons immers die aanhalings: ***"Wat jy nie weet nie, kan jou nie seermaak nie."*** en ***"Wat die oog nie sien nie, maak die hart nie seer nie."***

Waar die waarheid nie in totaliteit onder die mat ingevee word nie, word dit verdoesel en met strooisuiker bedek om sodoende nie slapende honde wakker te maak nie. Hoeveel lidmate is daar nie wat kan getuig van woorde vanaf preekstoele en kateders wat die waarheid en die impak van hierdie waarheid ontken deur te sê: "...***maak nie saak wat besluit is nie, alles sal in ons gemeente aangaan soos altyd! Maak nie saak wat deur geleerdes geskryf word nie, hier glo ons soos altyd."*** Heel moontlik word hierdie woorde met oortuiging geuiter, maar ongelukkig is die waarheid dat dit 'n doelbewuste leuen is. Maak maar net jou oë oop en jy sal sien dat alles toe nie dieselfde gebly het nie! Deur hierdie strategie van ontkenning en misleiding word die oorkussing snoesig op die sagte matras neergesit, net reg vir die Satan om sy werk te doen. Dit gebeur natuurlik omrede die waarheid ongemaklik is en opoffering verg!
In hierdie tyd waar ons stilstaan en terugdink aan die impak op en betekenis van die Hervormingstryd, besef ons al te goed dat ons nie onsself blind mag hou nie. Die ***"kerk"*** gedra haarself in vandag se tyd al meer soos 'n ***humanistiese welsyns-organisasie.*** Binne hierdie organisasie staan die begeertes, behoeftes en regte van die mens voorop. Juis daarom word die ***Waarheid*** verdraai en in watte toegedraai, om dit meer aanloklik en aanvaarbaar te maak. Midde hierdie tydgleuf het dit vir ons as Geloofsbond uiters belangrik geword om sonder huiwering die waarheid te verkondig. Dit kan tot ongewildheid lei! Dit kan konflik veroorsaak en selfs uiterste ongerief vir jou tot gevolg hê. Dit kan jou planne omvêrwerp en jou voor 'n wêreldse regter laat beland ... maar geen verskoning kan jou kwytskel van die verantwoordelikheid wat God op ons skouers plaas nie.

Dit laat my dink aan die verhaal van Johannes Calvyn.
Midde die stryd tussen die Protestante en die Roomse Kerk, vertel Calvyn, het hy en sy vriende een rustige somersnag in Genève in Switserland gekuier. Meteens hamer die vurige dominee van die Protestantse gemeente in Genève aan sy voordeur. Calvyn sou later vertel dat William Farel met sy wortelrooi hare en flitsende oë met die "passie van 'n Ou Testamentiese profeet" hom probeer oortuig het om as dominee van die Protestantse gemeente in Genève aan te bly.

Daarvoor was Calvyn nie te vinde nie en in die oomblik het hy verskeie verskonings aangebied om sy onwilligheid te verduidelik. Calvyn het immers sy lewe klaar beplan en hierdie ongemaklikheid sou indruis teen sy fyn uitgewerkte toekomsplanne. Argumente is heen en weer geslinger tot op die beslissende oomblik toe Farel opspring en met sy vinger in die lug vir Calvyn waarsku: ***"...jy hou jou studie as dekmantel voor. Daarom voorspel ek vir jou in die Naam van die almagtige God, dat as jy nie saam met ons werk nie, die Here jou sal vervloek as mens wat nie na Christus soek nie, maar na sy eie belang."*** Calvyn vertel op daardie oomblik het hy ervaar hoe

sy vrese, sy begeertes, sy fyn uitgewerkte planne in gehoorsaamheid voor God wegsmelt.

Daardie somersnag van 1534 het Matteus 10:34 en 38 soos 'n swaard deur Calvyn se hart gesny: ***"Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard. Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie."*** Vir die eerste keer het Calvyn verstaan wat die teks vra. Nie in teorie nie, maar in praktyk. Daardie nag het God vir Calvyn die verskil tussen 'n vredemaker en 'n vrede bewaarder gewys. Dit is 'n klein aksent verskil, maar met 'n groot lewensverskil.

'n Vredemaker skep 'n veilige wêreldjie wat ek verstaan en wat ek die krag het om te beheer. *Op 'n veilige afstand sien ek wat verkeerd is, ek voel bekommerd en selfs jammer daaroor, solank dit net nie my probleem word nie. Ek wil vrede ervaar en sal daarom agteroor buig, toegee, ingee, my blind hou, stilbly, verkeerdhede onder die mat in vee, solank die vrede bewaar kan word.*

Hierteenoor staan 'n vredemaker. 'n Vredemaker neem die swaard van God se Woord in sy hande en laat die swaard deur sy eie hart en lewe sny...*'n Vredemaker vee nooit die verkeerde onder die mat in nie, het nie 'n blinde oog nie, draai nie sy rug nie, bly nie stil ter wille van vrede nie, omdat 'n vredemaker weet vanuit die Woord roep God Sy kerk, gelowiges om te bly protesteer totdat dit wat stukkend is, nuut en heel word in ooreenstemming met God se Woord.* (Danie Langner)

Mag ons aanhou om te protesteer. Mag ons aanhou om die waarheid te verkondig. Mag God ons die krag gee om ons kruis op te neem en Hom te volg en mag ledigheid en onkunde nooit deel van ons geloofs-mondering word nie!!

Ds Frans Marais - Grootvlei

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### BESTUURSVERGADERING

Die Bestuurskomitee het op Vrydag 12 Oktober 2018 te Grootvlei vergader. By hierdie vergadering is die notule van die Pietersburg Bondsvergadering hanteer en goedgekeur. Die notule is reeds aan gemeentes gestuur.

### VOLKSHULP2000

Die algemene jaarvergadering van Volks-hulp2000 het plaasvind op 6 Oktober 2018 vanaf 10:00. By die geleentheid is ouderling Jaco de Ridder tot voorsitter verkies en ds. Johan van Wyk is tot die komitee gekoöpteer.

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/

Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### LEWENSBROOD 2019-2020

Gemeentes moet kennis neem dat hierdie die laaste geleentheid is om hulle bestellings vir die volgende jaar se boek te plaas. Persone wat nie in 'n Bondsgemeente is nie, kan direk met Ella skakel ella@teamworkprinters.com om bestellings te plaas.

* Ons versoek u ook vriendelik om kontant by bestelling te handhaaf. Prys **R120** per eksemplaar.
* Dit beteken dat u minder as 31 sent per dag betaal vir gehalte oordenkings.
* Onthou, dit is 'n goeie kersgeskenk. **Bestellings moes reeds teen 27 Oktober 2018 afgehandel gewees het.** Die drukkers het ingestem om laat bestellings ig ag te neem. Die laatste datum is Maandag 5 November 2018.

**PROF SCHALK BOTHA**

In die vorige Koersvas is per ongelukkig gestel dat prof Botha lidmaat is by Grootvlei. Ons vra om verskoning vir die misverstand. Hy was egter lidmaat van gemeente Pretoria.

**WANNEER ONS DAN BID**

Die artikels wat die "Onse Vader" verklaar (soos in Die Skietlood gepubliseer) is verwerk na 'n handige boek. Dit sal gelowiges begelei in hul gebedslewe en kan dien as handige instrument vir Bybelstudie. Vir meer besonderhede en bestellings kontak Dr Otto by johan.otto@geloofsbond.org.za


**OORNAG FASILITEITE**
**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
 - naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:
- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**




R 120 per eksemplaar. Bestellings by zyvetto@gmail.com of johan.otto@geloofsbond.org.za